Virdus Works Environmental
(Pty) Ltd (Reg. No. 2019/133896/07)
Environmental Management, Assessment and Administration
Director: Nico F Williams
PO Box 247, Wolseley, 6830, SOUTH AFRICA
Mobile: +27 76 564 8569
Email: nico.williams@virdus.com

KENNISGEWING VAN VOOR AANSOEK OPENBARE DEELNAME PROSES EN BESKIKBAARHEID VAN VOOR AANSOEK KONSEP BASIESE ASSESSERINGS VERSLAG EN KONSEP ERFENIS-IMPAK BEOORDELING: DIE VOORGESTELDE ONTWIKKELING VAN GEDEELTE 28 VAN PLAAS WELMOED ESTATE NR. 468, AFDELING STELLENBOSCH (DEA&DP VERWYSING: 16/3/3/6/7/1/B4/45/1247/23)

Hiermee word kennis gegee van 'n gekombineerde openbare deelname proses ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, Wet 107 van 1998) (NEMA), en die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, Wet 25 van 1999) (NHRA) die voorgestelde ontwikkeling van Welmoed Village op Gedeelte 28 van Farm Welmoed Estate No. 468, Stellenbosch RD. Die plaas het 'n oppervlakte van 45,5 ha wat binne-in die afgebakende stedelike grens van Lynedoch is, maar dit is buite die Lynedoch Village (gestig op 'n onderverdeelde gedeelte van Gedeelte 28 in 2003) stedelike gebied.

Die aktiwiteite wat die omgewingsmagtiging aansoek aktiveer ingevolge die NEMA Omgewingsimpak Studie Regulasies, 2017, is:

- Lys Kennisgewing 1 (Basiese Assessering-proses):
  - Aktiwiteit 24: Ontwikkeling van ‘n pad met reserwe meer as 13,5m of met ‘n wydte van meer as 8m; en
  - Aktiwiteit 28: Residensiële, gemengde, kommersiële, of ander ontwikkeling op landbougrond van meer as 1ha buite stedelike gebied.
- Lys Kennisgewing 3 (Basiese Assessering-proses):
  - Aktiwiteit 4: Ontwikkeling van ‘n pad met reserwe minder as 13,5m en met ‘n wydte van meer as 4m; en
  - Aktiwiteit 18: Verbreding van ‘n pad met meer as 4m.

Dupré Lombaard (Selfoon: +27 82 895 6362 // E-pos: dupre.lombaard@virdus.com) van Virdus Works Environmental (Edms) Bpk is aangestel as die onafhanklike omgewings assesserings praktisyn (EAP) om die basiese assessering omgewingsmagtiging proses namens die aansoeker (Uniqon Developers (Edms) Bpk) te onderneem. Enige persoon wat wil registreer, of aan die proses wil deelneem, of kommentaar op die DBAR wil indien, kan skriftelike kommentaar per e-pos by die EAP indien. Alle korrespondensie moet verwys na die onderwerp en DEA&DP-saak verwysingsnommer en moet die naam, adres, voorkeur kontakbesonderhede en voldoende besonderhede rakende die onderwerp bevat om 'n rasionele reaksie moontlik te maak.

Die volledige DBAR kan op die Virdus-webwerf verkry word: https://www.virdus.com. Indien alternatiewe toegang tot die DBAR vereis word, kan spesiale reëlings getref word met die EAP of Nico Williams (Selfoon: +27 76 564 8569 // E-pos: nico.williams@virdus.com). Die DBAR sal beskikbaar wees vir 'n tydperk van 40 dae vir openbare toegang en kommentaar, vanaf 14 Junie 2024 – 24 Julie 2024. Virdus Works Environmental respekteer die reg op privaatheid van alle I&AP's en sal voldoen aan die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, Wet 4 van 2013. Deur as 'n I&AP te registreer en aan die proses deel te neem, stem I&AP's in dat hul name, beperkte besonderhede en kommentaar in die openbare domein beskikbaar gestel kan word.